ds. PJ Kriel 07.08.2016

Inhoud Hierdie preek wat rig ons gedagtes en strewes in ons diens aan en liefde vir God. Dit is die lewe wat ons met Christus deel. Dit wys op die onderskeid tussen werklike godsdiens en nie-werklike godsdiens – afgodsdiens. Dit wys die verskil uit tussen waaraan geestelikes gelowiges wil verbind en waarmee hulle hul wil rig teenoor wat God ons mee rig en vasbind.

Skriflesing Kolossense 2: 8 – 3:4.

Teks Kol. 3:2 en 3. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie. [4] Want julle het gesterf en julle lewe is saam Christus verborge in God.

Tema. Die lewe wat ons met Christus deel fokus ons om ons te oefen in die lewensvaardighede om God te dien.

1. Wat rig ons strewes en fokus ons gedagtes?

Dit is die openbaring wat Paulus in hierdie teks gedeelte aan die gemeente meedeel. Ons word gefokus deur in ons strewe gerig deur die lewe wat ons met Christus deel. Hierdie lewe wat ons met Christus in die hemel deel, maak ons op aarde doelgerigte mense en vooruitstrewende mense. Vooruitstrewend, nie in die betekenis van ryk nie, maar toekomsgerig.

2. Paulus wys vir die gemeente in Kolosse op hierdie Christelike strewe en fokus omdat hulle blootstelling aan die geestelikheid van hierdie wêreld, wêreldse geestelikheid, maak dat hulle hul Christelike fokus en strewe verloor.

Die verwarring oor die tipe lewe wat hulle met Christus deel, was die oorsaak dat hulle hierdie doelgerigtheid en toekomsgerigtheid verloor het.

Dit was ’n verwarring oor wat is werklik en wat is skyn. Daarom maak Paulus oor hierdie lewe buite Christus die verklaring: Dit alles is maar net die skaduwee, die werklikheid is Christus.

Die helderheid om te kan onderskei tussen

- ‘m lewe waar Christus maar net ’n skaduwee is en
- ’n lewe waar Christus die werklikheid is,

is wat die gemeente moet ontdek het.

3. Kom ons kyk na ’n voorbeeld wat ons kan wys wanneer word jy deur die werklikheid gefokus en wanneer word jy deur ’n skadubeeld gefokus!

Die voorbeeld gaan oor die verskil tussen ’n klei dolfyntjie wat in die see saam met sy pa en ma swem en ’n dolfyntjie wat in ’n groot vertoon swembad in ’n akwarium rondswem.

Wat fokus ’n dolfyntjie in die groot oop see? Wat fokus hom so dat hy so swem dat hy gevare vermy, dat hy leer hoe om so te swem dat hy self kos vang en so swem dat hy kan groot word om sy eie gesin te kan hê?

Die antwoord is: die verborge lewe wat hy in en met sy pa en ma deel wat hom ’n dolfyntjie maak! Daardie verbondenheid ek is uit julle gebore en ek is julle kind. Dit is daardie band wat die dolfyntjie rig en laat strewe om saam met sy pa en ma ’n dolfyntjie te wees.

4. Kom ons kyk weer na die motivering waarom Christene hulle gedagtes rig op die dinge wat daarbo is en strewe na die dinge wat daar bo is! Want dit wat daarbó is, is die lewe met Christus wat in God verborge is.

Hierdie is ons verbondenheid met Christus volgens hoofstuk 2 verse 10 en 11. Hierdie verbondenheid is iets heeltemal anders as ’n sogenaamde goeie verhouding of ’n mooi verhouding. Dolfyntjies het baie goeie en mooi verhoudings met baie seediere wat hulle nie as kos nodig het nie. Hulle het ook baie goeie verhoudings met mense. Dit egter maak hulle nie dolfyntjies nie. Dit is hulle verbondenheid met pa en ma dolfyn wat hulle dolfyntjies maak.

Dit is ons lewe met Christus wat in God verborge is wat ons kinders van God maak!

5. Hierdie lewe met Christus is hoe God ons sondige aard om nie sy kinders te kan of wil wees nie, weg gesny het. Hierdie lewe met Christus wat in God verborge is, is hoe die Here ons die nuwe geaardheid gee om sy kinders te kan wees. Hy maak ons wat ons is in en deur hierdie verbondenheid met Christus. Hy maak ons dolfyntjies!

Daarom is dit hierdie lewe wat ons met Christus deel wat ons strewes en gedagtes rig.

Dit is net soos met ’n dolfyntjie! Hy reageer op daardie supersoniese klank wat sonar genoem word. Hierdie sonarklankroep wat sy ouers maak kan net hy hoor. dit is hierdie sonar wat hom so fokus en rig in hoe hy swem.

Met hierdie supersoniese klankroep wys hulle hom hoe vinnig of hoe stadig hy moet swem waarheen hy moet swem om kos te kry, gevare te ontkom, by hulle te bly en saam met hulle na hulle bestemming te swem.

Dit is hierdie supersoniese klankroep van ’n dolfyntjie wat hom rig en fokus in die lewe wat hy met sy ouers deel.

6. Wat fokus dolfyntjies wat in akwariums aangehou word?

Die fluitjie van sy toertjiemeester!

Waarop fokus en rig hierdie fluitjie die dolfyntjie? Op die beloning om vissies te kry, op die beloning om met vissies getrakteer te word en met vissies gevoer te word.

Wat is hierdie fluitjie van hierdie toertjiemeester en hierdie lewe saam met hierdie toertjiemeester? Dit is net ’n skaduwee van die lewe wat hy in die groot oop see saam met sy ouers moes geleef het.

Dit werk so! Die fluitjie klink soos die supersoniese klank van dolfyne. Die lewe in ’n akwarium voel soos ’n lewe met sy ouers, dit is veilig en hy kry kos. Dit is egter nie die werklike lewe nie. Dit is net ’n skaduwee wat soos die regte lewe klink en voel.

7. Wat maak van die werklike lewe net ’n skaduwee?

Paulus noem dit “elke mag en gesag”. Daarmee bedoel hy die geestelike mag en gesag van die geestelike leiers van hierdie lewe op aarde. Dit is die geestelike mag en gesag van geestelike leiers en hul volgelinge. Hierdie is die Bybelse beskrywing van afgodsdiens.

Afgodsdiens is met alles besig wat godsdiens i. Afgodsdiens is die hele tyd met die lewe met God besig. Dit is egter net ’n skaduwee van die werklike diens aan God want die god in hierdie geestelikheid is ’n afgod. Daarom is die lewe met hierdie afgod en die stem van hierdie afgod net ’n skaduwee van die werklikheid!

Dit gaan oor die mag en gesag om jou van God te isoleer, jou van God te vervreem en jou gevange te hou binne die geestelikheid van hierdie lewe op aarde waar alle godsdiens afgodsdiens is. Net in hierdie gevangenisskap van hierdie magte en gesagte van geestelikes, kan die skaduwee vir jou soos die werklikheid voel en klink.

Dit is soos met ’n dolfyntjie in ’n akwarium!

Dit is net in die mag en gesag waarmee die toertjiemeester hom gevang het en uit die see weggevat het en binne ’n swembad in ’n akwarium gesit het, dat hulle hul kan leer om toertjies vir vissies te doen!

Vervreem van die lewe wat hulle gedeel het en wat in hulle pa en ma verborge was.

Dit is in ons isolasie van die lewe met Christus binne die geestelikheid van bemagtigde geestelike leiers dat ons vervreem word van die die lewe wat in God verborge is. Hierdie gevangeheid binne hulle geestelike mag en gesag maak dat ons lewe nie meer deur die Here Jesus Christus gefokus word nie. Hierdie gevangeheid in geestelikes se mag en gesag maak dat ons na die stem moet luister van geestelike toertjiemeesters, predikante, priesters, pastore, rabbi's, toordokters en imams en nie meer na die Here se Woord nie.

8. Paulus wys dat 'n mens maklik die verskil kan sien of jy die lewe met Christus deel en of jy lewe onder die mag en gesag van die geestelike leiers van hierdie wêreld.

Die verskil wys in die tipe wette wat jou gedagtes rig. Wanneer jy onder die mag en gesag van geestelikes lewe, word God se wet fluitjie-wette. Dit lyk en voel soos God se wet, maar dit is maar net 'n skaduwee daarvan. dit is nie meer die wet van die Here nie.

8.1 Wat se wette is hierdie fluitjie-wette?

Die werklikheid is God se wet. Die skaduwee noem Paulus " wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld" (2:20) en verduidelik dat hierdie tiep reëls is "maar net gebooie en leerstellings van mense". (2:22).

Dit is nie die regte supersoniese Woord van God nie, dit is net daardie fluitjie-wette van toertjiemeester. Kyk hoe word hierdie fluitjie weet beskryf:

Dit is skaduwee wette nie die werklike wette waarmee die Here ons in liefde oefen nie. Daarom is hierdie fluitjie wette.

- Nie die werklike wysheid van hoe om lief te hê nie, maar dit is net 'n skynwysheid wat jou niks van werklike liefde leer nie.

- Dit is nie wette waarin jy God en jou naaste dien soos God diens in sy wette voorhou nie, dit is selfgemaakte godsdiens.

- Dit is nie die nederigheid om na God in sy gebooie te luister nie, dit is danige nederigheid oor dinge wat niks met gehoorsaamheid aan God te doen het nie.

- Dit is streng dissipline wat niks te doen het met die inspanning om nie te sondig nie.

Fluitjie wette! Nie die supersoniese klank van die Woord van God nie.

8.2 Wie se wette is hierdie fluitjie wette?

Dit is die geestelike reëls van predikante, pastore, priesters, rabbi's imams en toordokters. Dit is net gebooie en leerstellings van mense. Dit is nie die gebooie waarmee die Here ons rig en fokus ho om Hom en ons naaste lief te hê en te dien nie.

8.3 Wat leer hierdie fluitjie-wette jou?

Totaal niks nie. Dit het geen waarde vir die regte lewe nie. Dit leer jou geen lewensvaardigheid om met God en mense saam te leef nie.

Dit is wat dolfyntjies in die superosniese stem van hulle ouers hoor en leer: die lewensvaardighede hoe om vry in die oop see met hulle ouers te leef. Toertjiemeesters se reëls oefen jou in vertoon en vermaaklikheidsdemonstrasies wat net niks met die regte lewe te doen het nie.

Kunsgrepe wat geen lewensvaardighede is in die liefde en diens van God nie.

Daarom is dit net die skaduwee van regte lewensvaardighede in die liefde en diens van God: 'n skynwysheid, selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng dissipline om toertjies te doen wat jou niks ooit in die oop see sal help nie.

Dit oefen jou in geen lewensvaardigheid in die regte lewe met God nie.

9. Wat maak die verskil tussen hierdie werklike lewensvaardighede waarin die regte wette van die Here ons in oefen vir die regte lewe teenoor die skynwette in 'n skynlewe?

Kyk weer na Kolossense 2: 19!

Die verskil gaan oor aan wie jy vashou! Hou jy vas aan die geestelikes se godservarings of hou jy vas aan die lewe met Christus wat in God verborge is!

Wanneer jy aan geestelikes vashou word jy gefokus en gerig deur "allerhande visioene".

- Jy word nou gefokus deur die stem van God wat hulle in hul visioene hoor, nie meer deur die Woord van God in die Skrif nie.

- Jy word nou gefokus deur die goddelike lewe wat hierdie geestelikes in God inleef, nie meer deur die lewe wat jy met Jesus Christus deel nie.

- Jy luister nie meer en word nie meer gerig en gefokus deur die wet van God nie, maar deur die godsdrome wat geestelikes saam met hulle gode droom.

- Jy word nie meer gerig en gefokus deur God se roeping met jou lewe nie, maar deur die visioene van geestelikes.

10. Ons as gelowiges hou vas aan die lewe wat ons met Christus deel en wat in God verborge is. Ons hou nie vas aan die lewe saam met toertjiemeesters nie. Wanneer ons aan hulle vashou word Christus net ŉ skaduwee in ons lewe.

Wanneer ons in hulle mag en gesag bevange raak, maak hulle geestelikheid van ons lewe met Christus net ŉ skaduwee. Leef ons nie meer in die oop see vry met God in wie ons lewe verborge is nie.

Daarom mag ons nie verwar word oor met wie ons die lewe deel nie. Ons deel die lewe van die Here in sy menswees in die hemel. Daarom stel Paulus ons het saam met Hom gesterf. Ons is ingesluit in wie die Here as mens op aarde was en wie Hy nou as mens in die hemel is. Dit wat Hy met ons deel laat ons hierdie verborge lewe leef waarin ons ingesluit is in God se liefde.

Laat hierdie lewe wat ons met Christus deel ons gedagtes en strewes op aarde rig en fokus!

Ons is nie geestelikes se troeteldolfyntjies nie. Ons hoor nie hulle fluitjies nie. Ons behoort aan die Here en luister na sy Woord.